**OCEANA GROUP BEPERK**

In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer (Registrasienommer: 1939/001730/06)

# TUSSENTYDSE VERSLAG

## en dividendverklaring vir die ses maande geëindig **31 Maart 2007**

Die ongeouditeerde resultate van die groep vir die ses maande geëindig 31 Maart 2007 word hierin uiteengesit. Hierdie verslag is opgestel ooreenkomstig Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS) van toepassing op Tussentydse Finansiële Verslagdoening (IAS 34) en in ooreenstemming met die beginsels wat in die mees onlangs gepubliseerde finansiële jaarstate toegepas is.

### KOMMENTAAR

**Finansiële resultate**

Wesensverdienste per aandeel vir die ses maande geëindig 31 Maart 2007 het met 40% toegeneem, vergeleke met dié van die eerste helfte van verlede jaar. Verdienste per aandeel vir dieselfde tydperk was 50% hoër, hoofsaaklik as gevolg van die wins met die verkoop van Tuna Marine min waardedalingsvoorsienings geskep.

Hoewel omset met 5% gedaal het, het bedryfswins voor abnormale items met 26% toegeneem. Die vernaamste bydraende faktore tot die verbeterde marges was hoër uitvoerpryse en goeie vangste in die maasbanker-, kreef- en vismeelsektor. Wesensverdienste het met 25% toegeneem.

Die geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele was laer omdat die aandele wat deur die aandeletrust vir swart werknemers (Khula Trust) gehou word as tesourieaandele gehanteer word. Dit het bygedra tot hoër verdienste op 'n per-aandeel-grondslag.

'n Tussentydse dividend van 19.0 sent per aandeel is verklaar (2006: 15,0 sent per aandeel).

**Bedryfsoorsig**

*Kusvissery*

Die totale toelaatbare vangs (TTV) vir sardyne vir 2007 is tot 162 436 ton (2006: 204 000 ton) verlaag. Sardynvangste het verbeter vergeleke met verlede jaar, maar is steeds onvoldoende om aan verbruikersvraag te voldoen. Vis word steeds aan die suid- en ooskus gevang en daar is onlangs goeie vangste aan die weskus gemaak. Inmaakopbrengste was swak, veral aan die begin van die seisoen, maar het sedertdien verbeter. Sardynvissery in Namibië het nie begin nie omdat daar op die aankondiging van 'n voorlopige TTV gewag word (2006: geen vis uitgetrek teenoor die TTV van 25 000 ton).

Verkoopsvolumes Lucky Star ingemaakte vis op die plaaslike mark het aansienlik gedaal, vergeleke met die vorige jaar, as gevolg van die voorraadtekort. In die VK het Glenryck Foods ook probleme met die verkryging van sardyne ondervind en die prestasie was benede dié van die vorige jaar.

Oorkoepelend was winsgewendheid uit ingemaakte vis aansienlik laer as in die ooreenstemmende tydperk verlede jaar.

Vismeelbedrywighede het wins vir die ses maande opgeteken as gevolg van aansienlik hoër pryse wat in uitvoermarkte behaal is. Nywerheidsvisvangste was hoër en het hoofsaaklik uit rooi-oog-haring bestaan. Die TTV vir die ansjovis-A-seisoen 2007 is 186 942 ton (2006: 212 251 ton) en word normaalweg in die wintermaande uitgetrek. Daar word verwag dat vismeelverkoopspryse in die tweede helfte gehandhaaf sal word.

Die TTV vir Weskuskreef is tot 2 774 ton (2006: 3 174 ton) verlaag. Die kwota wat nie in 2006 uitgetrek is nie, is oorgedra vir vangste in 2007. Oceana se beskikbare kwota beloop 551 ton (2006 werklike vangs: 366 ton). Tot op hede was kreefvangste goed en produksiekoste per eenheid was laer, hoofsaaklik as gevolg van hoër volumes. Uitvoerpryse was hoër en die swakker randwisselkoers het verkoopsrealisasies verder verhoog, wat verbeterde winsgewendheid tot gevolg gehad het.

Tjokkavangste was laer as dié van verlede jaar. Hoër markpryse en die omswaai van sekere voorsienings het verhoogde winste tot gevolg gehad.

*Oopsee- en diepseevissery*

Omset het gedaal as gevolg van laer maasbankervolumes wat van eksterne vlote bekom is en verkoopspryse het hoog gebly. Maasbankervangste was hoër en daaglikse vaartuigkoste laer. Oorkoepelende bedryfswins uit maasbankervangste was hoër as verlede jaar.

Die resultate uit stokvisbedrywighede het 'n verbetering getoon, hoofsaaklik as gevolg van beter visvangtoestande en hoër pryse wat deur die uitwerking van laer kwotas teengewerk is.

*Koelberging*

Die Koelbergingsafdeling het hoër gehanteerde volumes deur die pakhuise ondervind, maar korter bergingstye het laer inkomste tot gevolg gehad.

*Langtermyn kommersiële visvangregte*

Sekere filiale is respondente in 'n aantal hersieningsaansoeke wat deur verskillende partye met betrekking tot die toekenning van langtermynvisvangregte in die Hooggeregshof ingedien is. Daar word verwag dat dit geruime tyd sal duur voor dié regsproses afgehandel sal wees.

**Direksie**

Op 8 Februarie 2007 het me L Ruthilal bedank en mev ABA Conrad is in die direksie aangestel. Mnr F Robertson is op 11 Mei 2007 in die direksie aangestel.

**Vooruitsigte**

Daar word verwag dat wesensverdienste vir die volle jaar dié van verlede jaar sal oortref en dat verdienste in die tweede helfte teen 'n laer koers as dié van die eerste helfte sal groei.

Namens die direksie

**MA Brey**
*Voorsitter*

**AB Marshall**
*Hoof uitvoerende beampte*

11 Mei 2007

### GROEP SEGMENTELE VERSLAG

| | Ongeouditeer Ses maande geëindig 31 Maart 2007 R'000 | Ongeouditeer Ses maande geëindig 31 Maart 2006 R'000 | Geouditeer Jaar geëindig 30 Sept 2006 R'000 |
|---|---|---|---|
| **Inkomste** | | | |
| Kusvissery | **620 011** | 611 335 | 1 318 949 |
| Oopsee- en Diepseevissery | **458 006** | 524 418 | 1 071 362 |
| Kommersiële Koelberging | **58 328** | 61 334 | 154 247 |
| Totaal | **1 136 345** | 1 197 087 | 2 544 558 |
| **Bedryfswins voor abnormale items** | | | |
| Kusvissery | **12 616** | (3 706) | 77 939 |
| Oopsee- en Diepseevissery | **43 440** | 37 500 | 46 705 |
| Kommersiële Koelberging | **10 256** | 18 812 | 58 681 |
| Totaal | **66 312** | 52 606 | 183 325 |
| **Totale bates** | | | |
| Kusvissery | **571 650** | 408 386 | 563 887 |
| Oopsee- en Diepseevissery | **228 257** | 299 166 | 264 306 |
| Kommersiële Koelberging | **162 105** | 122 742 | 177 944 |
| Finansiering | **280 790** | 456 030 | 318 645 |
| | **1 242 802** | 1 286 324 | 1 324 782 |
| Uitgestelde belasting | **13 174** | 11 380 | 12 850 |
| Totaal | **1 255 976** | 1 297 704 | 1 337 632 |
| **Totale laste** | | | |
| Kusvissery | **256 163** | 208 980 | 278 909 |
| Oopsee- en Diepseevissery | **85 726** | 87 329 | 90 756 |
| Kommersiële Koelberging | **20 825** | 22 848 | 41 693 |
| Finansiering | **71 227** | 54 473 | 77 570 |
| | **433 941** | 373 630 | 488 928 |
| Uitgestelde belasting | **30 602** | 29 603 | 29 874 |
| Totaal | **464 543** | 403 233 | 518 802 |

### VERKORTE GROEPINKOMSTESTAAT

| | Aantekening | Ongeouditeer Ses maande geëindig 31 Maart 2007 R'000 | Ongeouditeer Ses maande geëindig 31 Maart 2006 R'000 | Verandering % | Geouditeer Jaar geëindig 30 Sept 2006 R'000 |
|---|---|---|---|---|---|
| **Inkomste** | | **1 136 345** | 1 197 087 | (5) | 2 544 558 |
| **Bedryfswins voor abnormale items** | | **66 312** | 52 606 | 26 | 183 325 |
| Abnormale items | 1 | **2 962** | 710 | | (5 882) |
| Bedryfswins | | **69 274** | 53 316 | 30 | 177 443 |
| Dividende ontvang en opgeloop | | **7 816** | 422 | | 6 151 |
| Netto rente ontvang | | **5 334** | 15 420 | | 23 340 |
| **Wins voor belasting** | | **82 424** | 69 158 | 19 | 206 934 |
| Belasting | | **27 091** | 27 645 | (2) | 70 088 |
| **Wins na belasting** | | **55 333** | 41 513 | 33 | 136 846 |
| **Toeskryfbaar aan:** | | | | | |
| Aandeelhouers van Oceana Group Beperk | | **51 564** | 38 500 | 34 | 129 791 |
| Buiteaandeelhouers in filiale | | **3 769** | 3 013 | 25 | 7 055 |
| | | **55 333** | 41 513 | 33 | 136 846 |
| Geweegde gemiddelde getal aandele waarop verdienste per aandeel gegrond word (000'e) | 2 | **100 764** | 113 036 | | 113 099 |
| Aangepaste geweegde gemiddelde getal aandele waarop verwaterde verdienste per aandeel gebaseer word (000's) | | **100 921** | 113 358 | | 113 426 |
| **Verdienste per aandeel (sent)** | | | | | |
| Basies | | **51.2** | 34.1 | 50 | 114.8 |
| Verwater | | **51.1** | 34.0 | 50 | 114.4 |
| **Dividende per aandeel (sent)** | | **19.0** | 15.0 | 27 | 74.0 |
| **Wesensverdienste per aandeel (sent)** | | | | | |
| Basies | | **46.7** | 33.2 | 40 | 112.8 |
| Verwaterde | | **46.6** | 33.1 | 40 | 112. |

### VERKORTE GROEPBALANSSTAAT

| | Ongeouditeer 31 Maart 2007 R'000 | Ongeouditeer 31 Maart 2006 R'000 | Geouditeer 30 Sept 2006 R'000 |
|---|---|---|---|
| **Bates** | | | |
| Niebedryfsbates | **490 911** | 381 088 | 511 305 |
| Eiendom, masjinerie en toerusting | **299 820** | 276 538 | 316 457 |
| Klandisiewaarde | **22 434** | 17 271 | 21 911 |
| Visvangregte en handelsmerke | **36 015** | 32 139 | 40 109 |
| Uitgestelde belasting | **13 174** | 11 380 | 12 850 |
| Beleggings en lenings | **119 468** | 43 760 | 119 978 |
| Bedryfsbates | **765 065** | 916 616 | 826 327 |
| Voorraad | **249 738** | 204 549 | 219 224 |
| Rekenings ontvangbaar | **352 905** | 298 597 | 403 486 |
| Niebedryfsbates gehou vir verkoop | **1 100** | 1 200 | 4 950 |
| Kontant en kontantekwivalente | **161 322** | 412 270 | 198 667 |
| Totale bates | **1 255 976** | 1 297 704 | 1 337 632 |
| **Ekwiteit en laste** | | | |
| Kapitaal en reserwes | | | |
| Aandelekapitaal en -premie | **138** | 64 792 | 101 |
| Valuta-omrekeningsreserwes | **24 441** | (1 673) | 23 018 |
| Aandeelgebaseerde betalingsreserwe | **13 920** | 9 647 | 11 232 |
| Kapitaaldelgingsreserwe | **90** | 90 | 90 |
| Uitkeerbare reserwes | **726 805** | 799 164 | 760 569 |
| Belang van eie aandeelhouers | **765 394** | 872 020 | 795 010 |
| Belang van buiteaandeelhouers | **26 039** | 22 451 | 23 820 |
| Totale ekwiteit | **791 433** | 894 471 | 818 830 |
| Niebedryfslaste | **33 119** | 29 841 | 30 961 |
| Aanspreeklikheid vir aandeelgebaseerde betalingsreserwe | **2 517** | 238 | 1 087 |
| Uitgestelde belasting | **30 602** | 29 603 | 29 874 |
| Bedryfslaste | **431 424** | 373 392 | 487 841 |
| Rekenings betaalbaar en voorsienings | **368 356** | 325 432 | 415 895 |
| Bankoortrekkings | **63 068** | 47 960 | 71 946 |
| Totale ekwiteit en laste | **1 255 976** | 1 297 704 | 1 337 632 |
| Getal uitgereikte aandele na aftrekking van tesourieaandele (000'e) | **99 971** | 113 166 | 101 493 |
| Netto batewaarde per gewone aandeel (sent) | **766** | 771 | 783 |
| Totale laste uitgesonderd uitgestelde belasting: | | | |
| Totale ekwiteit (%) | **55** | 42 | 60 |
| Total lenings: Belang van eie aandeelhouers (%) | **8** | 5 | 9 |

### VERKORTE GROEPSTAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEITE

| | Ongeouditeer Ses maande geëindig 31 Maart 2007 R'000 | Ongeouditeer Ses maande geëindig 31 Maart 2006 R'000 | Geouditeer Jaar geëindig 30 Sept 2006 R'000 |
|---|---|---|---|
| Saldo aan die begin van die tydperk | **818 830** | 916 344 | 916 344 |
| Aandele uitgereik | **11 893** | 9 309 | 9 377 |
| (Toename)/afname in tesourieaandele | **(36 740)** | 3 | (177 763) |
| Beweging op valuta-omrekeningsreserwe | **1 423** | (5 551) | 19 140 |
| Beweging op aandeelgebaseerde betalingsreserwe | **2 688** | 1 031 | 2 613 |
| Netto wins na belasting vir die tydperk | **55 333** | 41 513 | 136 846 |
| (Wins)/verlies met verkoop van tesourieaandele | **(26)** | 105 | 205 |
| Dividende verklaar | **(61 968)** | (68 283) | (87 932) |
| Saldo aan die einde van die tydperk | **791 433** | 894 471 | 818 830 |
| Bestaande uit: | | | |
| Aandelekapitaal en -premie | **138** | 64 792 | 101 |
| Valuta-omrekeningsreserwe | **24 441** | (1 673) | 23 018 |
| Aandeelgebaseerde betalingsreserwe | **13 920** | 9 647 | 11 232 |
| Kapitaaldelgingsreserwe | **90** | 90 | 90 |
| Uitkeerbare reserwes | **726 805** | 799 164 | 760 569 |
| Buiteaandeelhoudersbelang | **26 039** | 22 451 | 23 820 |
| Totaal | **791 433** | 894 471 | 818 830 |

### VERKORTE GROEPKONTANTVLOEISTAAT

| | Ongeouditeer Ses maande geëindig 31 Maart 2007 R'000 | Ongeouditeer Ses maande geëindig 31 Maart 2006 R'000 | Geouditeer Jaar geëindig 30 Sept 2006 R'000 |
|---|---|---|---|
| **Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite** | | | |
| Bedryfswins voor abnormale items | **66 312** | 52 606 | 183 325 |
| Aanpassing vir niekontant-items | **33 328** | 22 222 | 60 777 |
| **Bedryfskontantvloei voor bedryfskapitaal-veranderings** | **99 640** | 74 828 | 244 102 |
| Bedryfskapitaalveranderings | **(20 739)** | 84 435 | 50 606 |
| **Kontant uit bedrywighede gegenereer** | **78 901** | 159 263 | 294 708 |
| Rente en dividende ontvang | **11 118** | 18 148 | 34 651 |
| Rente betaal | **(3 167)** | (2 306) | (5 160) |
| Belasting betaal | **(33 167)** | (13 592) | (46 960) |
| Dividende betaal | **(64 080)** | (68 498) | (86 034) |
| **Netto kontant(uitvloei)/invloei uit bedryfsaktiwiteite** | **(10 395)** | 93 015 | 191 205 |
| **Kontantinvloei/(uitvloei) uit beleggingsaktiwiteite** | **5 330** | (14 164) | (167 811) |
| Kapitaalbesteding | **(13 792)** | (18 413) | (94 276) |
| Opbrengs met verkoop van eiendom, masjinerie en toerusting | **1 236** | 1 388 | 1 639 |
| Opbrengs met verkoop van visvangregte | **3 366** | 225 | 227 |
| Netto beweging op lenings en voorskotte | **5 708** | 3 077 | 12 789 |
| Belegging in voorkeuraandele | **–** | – | (88 000) |
| Verkoop van sakeondernemings | **7 830** | – | – |
| Kontantverwante abnormale items en ander | **982** | (441) | (190) |
| **Netto kontantvloei (aangewend in)/uit finansieringsaktiwiteite** | **(22 338)** | 1 617 | (174 894) |
| Opbrengs uit aandelekapitaaluitgifte | **11 894** | 9 312 | 9 377 |
| Opbrengs uit verkoop van tesourieaandele | **27** | 105 | 264 |
| Verkryging van tesourieaandele | **(36 794)** | – | (177 822) |
| Korttermynlenings aangegaan/(terugbetaal) | **2 535** | (7 800) | (6 713) |
| **Netto (afname)/toename in kontant en kontantekwivalente** | **(27 403)** | 80 468 | (151 500) |
| **Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die tydperk** | **126 721** | 283 195 | 283 195 |
| **Uitwerking van wisselkoersveranderings** | **(1 064)** | 647 | (4 974) |
| **Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die tydperk** | **98 254** | 364 310 | 126 721 |

### DIVIDENDVERKLARING

Kennis geskied hiermee dat 'n tussentydse dividend, No. 127 van 19.0 sent per aandeel, ten opsigte van die jaar eindigende 30 September 2007 op Vrydag, 11 Mei 2007, verklaar is. Die toepaslike datums is die volgende:

| | | |
|---|---|---|
| Laaste dag vir verhandeling met dividend | – | Vrydag, 22 Junie 2007 |
| Handel sonder dividend neem 'n aanvang | – | Maandag, 25 Junie 2007 |
| Rekorddatum | – | Vrydag, 29 Junie 2007 |
| Dividend betaalbaar | – | Maandag, 2 Julie 2007 |

Aandelesertifikate mag van Maandag, 25 Junie 2007, tot en met Vrydag, 29 Junie 2007, nie gedematerialiseer of hermaterialiseer word nie.

Op las van die direksie

**JD Cole**
*Sekretaris*

11 Mei 2007

### AANTEKENINGE

| | Ongeouditeer Ses maande geëindig 31 Maart 2007 R'000 | Ongeouditeer Ses maande geëindig 31 Maart 2006 R'000 | Geouditeer Jaar geëindig 30 Sept 2006 R'000 |
|---|---|---|---|
| **1. Abnormale items** | | | |
| Voorsiening vir waardedalingsverliese | **(4 686)** | – | – |
| Wins met verandering van belang in filiale/ gesamentlike ondernemings | **8 812** | – | 283 |
| Voorsiening ten opsigte van gebruik van pensioenfondssurplus | **(1 164)** | – | (6 842) |
| Surplus met verkoop van eiendom, masjinerie en toerusting | **–** | 485 | 450 |
| Surplus met verkoop van visvangregte | **–** | 225 | 227 |
| Abnormale wins/(verlies) voor belasting | **2 962** | 710 | (5 882) |
| Belasting | **628** | (8) | 1 954 |
| Abnormal wins/(verlies) na belasting | **3 590** | 702 | (3 928) |
| | **Getal aandele '000** | Getal aandele '000 | Getal aandele '000 |
| **2. Uitskakeling van tesourieaandele** | | | |
| Geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele | **116 689** | 113 264 | 113 325 |
| Min: tesourieaandele deur aandeletrusts gehou | **(14 383)** | (228) | (226) |
| Min: tesourieaandele deur filiaalmaatskappy gehou | **(1 542)** | – | – |
| Geweegde gemiddelde getal aandele waarop verdienste per aandeel en wesensverdienste per aandeel gegrond word | **100 764** | 113 036 | 113 099 |
| | **R'000** | R'000 | R'000 |
| **3. Bepaling van wesensverdienste** | | | |
| Wins na belasting toeskryfbaar aan eie aandeelhouers | **51 564** | 38 500 | 129 791 |
| Aangepas met: | | | |
| Voorsiening vir waardedalingsverliese | **3 916** | – | – |
| Wins met verandering van belang in filiale/ gesamentlike ondernemings | **(8 333)** | – | (283) |
| Netto surplus met verkoop van eiendom, masjinerie en toerusting | **(114)** | (700) | (596) |
| Netto surplus met verkoop van visvangregte | **–** | (225) | (227) |
| Versekeringsopbrengs vir beskadigde vaartuig | **–** | – | (1 104) |
| Wesensverdienste vir die periode | **47 033** | 37 575 | 127 581 |
| **4. Dividende** | | | |
| Geraamde dividend na verslagdatum verklaar | **18 995** | 16 975 | 59 881 |
| Dividend op aandele voor laaste verhandelingsdag uitgereik | | – | 537 |
| Werklike dividend na verslagdatum verklaar | | 16 975 | 60 418 |
| **5. Aanvullende inligting** | | | |
| Koste van verkope | **808 350** | 885 425 | 1 805 035 |
| Waardedaling | **29 367** | 26 304 | 57 315 |
| Bedryfsbruikhuurkoste | **9 397** | 7 200 | 17 470 |
| Valutawins | **(666)** | (1 006) | (9 838) |
| Kapitaalbesteding | **13 792** | 18 413 | 94 276 |
| Uitbreiding | **–** | 8 555 | 62 456 |
| Vervanging | **13 792** | 9 858 | 31 820 |
| Kapitaalverbintenisse | **35 536** | 89 989 | 63 144 |
| Gekontrakteer | **7 177** | 41 717 | 2 124 |
| Goedgekeur | **28 359** | 48 272 | 61 020 |

**Direkteure:** MA Brey *(voorsitter)*, RA Williams *(visevoorsitter)*, AB Marshall* *(hoof uitvoerende beampte)*, ABA Conrad*, N Dennis, NP Doyle, Z Fuphe, RG Nicol*, S Pather, F Robertson *(* Uitvoerend)*

**Geregistreerde kantoor:** 16de Verdieping, Metropolitansentrum, Coen Steytlerlaan 7, Kaapstad 8001

**Oordragsekretaris:** Computershare Investor Services 2004 (Edms) Beperk Marshallstraat 70, Johannesburg 2001 (Posbus 61051, Marshalltown 2107)

**Borg – Suid-Afrika:** Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk

**Borg – Namibië:** Old Mutual Investment Services (Namibia) (Pty) Limited

**Maatskappysekretaris:** JD Cole

**JSE-aandeelkode:** OCE **NSX-aandeelkode:** OCG

**ISIN-nommer:** ZAE000025284

COMPRESS PB3258